

1 April

Skrifgedeelte: Psalm 147

Fokusgedeelte: Psalm 147:1, 7, 12

Lof en dank aan die Skepper-Heer wat my verlos!

Psalm 147 is deel van die groep lofpsalms waarmee die Psalmboek afsluit. Dit vorm deel van die hoogtepunt van die lofsange aan God. Nou is die worstelinge verby. Die klaagliedere, die twyfel. Nou bly net die lof van die Here oor. Die Psalm sing in drie duidelik afgebakende dele die lof van die Here (1-6, 7-11, 12-20).

Die Here word geloof veral omdat Hy wat in sy grootheid alles geskep het en in stand hou, sy volk uit ballingskap verlos het.

Het jy ook al gewonder hoe dit moontlik is dat die grote God wat "besluit het oor die getal van die sterre en aan elkeen 'n naam gegee het" aan nietige en "hulpeloses" weer krag gee? Tog, op 'n onverstaanbare wyse, verbind die God van die ganse skepping Hom aan nietige mense. Laat Hy die hulpeloses weer opstaan. Hy stel dit op prys as hulle Hom dien. Hy maak sy voorskrifte en bepalings aan sy volk bekend.

Die verbinding tussen God as Skepper en sy omgee vir nietige mense is alleen te verstaan in sy Seun Jesus Christus wat vanuit die hemel op die aarde mens word en die nietige mens met die almagtige God verbind.

Dink vandag 'n oomblik aan God se groot skeppingswerk. Dink dan aan jou verlossing.

Loof en dank Hom en sing tot sy eer!

Sing: Psalm 147:1, 2 (2001-omdigting)

Ds HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)